Kleine Engeltjies Kleuterskool / Nursery School

81 EersteStraat, Rant-en-Dal, Krugersdorp, 1739 Tel: 066 377 7087 E-pos: admin@kleinengeltjies.co.za

2021 INLIGTING EN FOOIE

Vanaf 2 maande tot Gr 0

Skool Kantoor		066 377 7078	
Skool Hoof	Chrizelda Du Toit	071 246 8654	kleine.engeltjies01@gmail.com
Eienaar	Alet van Staden	082 331 6919	admin@kleinengeltjies.co.za
Web-Blad	www.kleinengeltjies.co.za	FaceBook	@KleineEngeltjies

A. SKOOLFOOIE

Geen deposito word gehef nie.

Fooie is betaalbaar oor 12 Maande.

Fooie is vooruit betaalbaar voor of op die 1ste van elke maand. Die skool kan toegang tot onderrig weier indien fooie nie betaal is nie. Hierdie vereiste sal streng toegepas word gedurende 2021.

R300 – **Ontwikkelingsfooi** is betaalbaar per kind voor einde Februarie elke jaar. – Alle leerders

R300 – **Registrasiefooi is betaalbaar met inskrywing van kleuter**. – Sleg nuwe leerders / leerders wat langer as 6 maande nie skool besoek het nie

FOOIE		**FOOIE SLUIT IN**
1 kind voldag	R2000 per maand	Alle skryfbehoeftes. Omvattende formele onderrigprogram wat fokus op emosionele, kognitiewe en fisiese ontwikkeling van kleuters (CAPS gefundeerde kurrikulum). Deurlopende opgradering van 'n kindervriendelike terrein en doelmatige apparaat. Addisionele wetenskap, tegnologie, morsige speel aktiwiteite en konstruksie. (STEAM)
2 kinders voldag	R4000 per maand	
3 kinders voldag	R5430 per maand	
3 dae per week per kind	R1554 per maand	
4 dae per week per kind	R1665 per maand	
Halfdag per kind	R1550 per maand	
Dag besoekers R160 per day - vooruitbetaalbaar		

B. BETALINGS METODE

Maandeliks: *Kotant / Internet oorplasing / Aftrekorder*

Bank Besonderhede:
Naam van houer: A van Staden
Bank: ABSA Bank
Tak: Key West
Rekening nommer: 1660 150 109
Tjek Rekening
Verwysing: Kind se naam

C. SKOOLURE

Maandag - Vrydag:	6:00 - 18:00
Publieke Vakansiedae:	Gesluit
Skool sluit tussen Kersfees en Nuwejaar	Gesluit

R50 boete per 15min sal betaalbaar wees vir die laat afhaal van kinders.

D. BENODIGHEDE VIR DIE JAAR

MOET VOOR EINDE FEBRUARIE INGEHANDIG WORD

Babas (2-17 maande)	**Peuters (2-3 Jaar)**
6 x 200 Sneesdoekies 3 x Vloeibare antibakteriese seep 250ml 1 Liter 70% Alkohol Sanitizer – ouers se gebruik	48 x 1 laag toilet papier 6 x 200 sneesdoekies 8 x 72 wet wipes 3 x Vloeibare antibakteriese seep 250ml elk 1 x Dik joga mat en kussing 1 Liter 70% Alkohol Sanitzer
Babas (18-24 maande)	**Kleuters (4-6 jaar)**
6 x 200 Sneesdoekies 3 x Vloeibare antibakteriese seep 250ml elk 1 x Dik joga mat en kussing 1 Liter 70% Alkohol Sanitzer	48 x 1 laag toilet papier 6 x 200 sneesdoekies 8 x 72 wet wipes 3 x Vloeibare antibakteriese seep 250ml elk 1 x Dik joga mat en kussing 1 Liter 70% Alkohol Sanitzer
Elke kleuter bring asb ń kombersie en kussing met kussingsloop.	

E. ITEMS BENODIGHEDE DAGLIKS

MERK ASB ITEMS MET U KIND SE NAAM

Babas	**Kleuters**
Daaglikse sak vir Babas: Bottels water en melk apart afgemeet Babapap indien baba al eet X6 doeke 2 stelle skoon klere 1 lap doek / borslappies 1 plastiek sak vir vuil kere **Weekliks:** Kombersie **Maandeliks:** Wet wipes Boudjie salf Sonskerm	Doeke indien benodig n Ekstra stel skoon klere vir die onvoorsiene glipsies en gebeurlikhede en morsjors aktiwiteite. Hoed Sonskerm

F. ALGEMENE INLIGTING .....

TOELATINGSBELEID

Die skool maak voorsiening vir kleuters vanaf 2 maande tot 6 jaar.

Ons volg die CAPS kurrikulum.

Volgens departementele aanbevelings en riglyne van die VVO is die maksimum groottes van klasse per ouderdomsgroep as volg:

- 7 babas 2-18 maande
- 15 junior peuters 18-24 maande
- 20 toilet afrigting klas 2-3 jaar
- 20 – 24 kleuters per klas

Een opgeleide / ervare personeellid en een in-diens-opgeleide assistent per groep soos benodig.

AANKOMS EN VERTREK TYE

- Kleuters word persoonlik ontvang vanaf 06h00.
- Vertrektyd is vanaf 12h00 tot 18h00. Wees asseblief stiptelik.
- Halfdagkleuters moet teen 12h30 afgehaal word.
- Die skool is gesluit op publieke vakansiedae.

L.W. Indien Kleuterskoolure oorskry word, is ‘n boete van R50,00 per kind per kwartier dadelik betaalbaar aan die diensdoenende personeellid.

BESOEKE

Geen ouer mag sy/haar kind besoek gedurende die ure van versorging nie, aangesien dit die kind mag ontstel en die personeel steur in die uitvoering van hul pligte.

ETES

Die spyskaart word deur ‘n dieëtkundige goedgekeur en word op die kennisgewingbord aangebring.

Ontbyt word voorsien vanaf 07h40 tot 08h00. – Halfdag kinders ingesluit.

Verversings word om 10h00 voorsien in die vorm van ‘n broodjie, soutbeskuitjies, vrugte, ens. – Halfdag kinders ingesluit

Middagetes – gebalanseerde ete met stysel proteïene en groente.- Halfdag kinders uitgesluit

Om 15h00 word ‘n peuselhappie bv. broodjie/koekies/vrug en tee/koeldrank bedien. – Kleuter wat nog by die skool is teen 15H00

*** Indien u kind allergies is, moet die nodige voedsel deur die ouer voorsien word.**

AFWESIGHEID

Ouers moet asseblief laat weet indien ‘n kleuter afwesig sal wees.

SIEKTE

‘n Kleuter met aansteeklike siektes moet tuis gehou word totdat die siekte opgeklaar het. **‘n Siekbeleid is opgestel v**olgens die regulasies van die Departement van Gesondheid en aangeheg. Maak asseblief seker dat u vertroud is met die inhoud daarvan.

MEDIKASIE

As u kleuter by die skool medisyne moet ontvang moet dit duidelik deur die ouer aangeteken word in die medisyneboek. Geen medisyne mag in enige tassie gebêre word nie. Medisyne word in die medisynekassies in die onderskeie klasse gebêre.

KLEREDRAG EN PERSOONLIKE ITEMS

U kleuter moet elke dag 'n gemerkte tas saambring met 1 of 2 ekstra stelle klere om voorsiening te maak vir onvoorsiene "glipsies", of gebeurlikhede en ons morsjors aktiwiteite. Hou asb. die weer ook ingedagte.

- Kussingslope word weekliks, of wanneer nodig, huis-toe gestuur om te was. Maak asseblief seker dat u dit Maandae terugstuur om hartseer te voorkom.
- Kleuters trek klere aan waarin hy/sy met gemak kan speel en wat ook mag vuil word. Speel en verf, sand en modder is deel van die dag se "werk" en deftige klere weerhou die kleuter van deelname aan hierdie belangrike aktiwiteite.
- Kleuters word ook aangemoedig om selfstandig te wees en daarom moet ouers toesien dat kledingstukke maklik deur die kind self aan- en uitgetrek kan word.

VERJAARSDAE

'n Verjaarsdag is 'n groot gebeurtenis in elke kind se lewe en ons deel graag daarin. Reël asseblief met die onderwyseres as u kleuer by die skool partytjie hou sodat daar nie oorvleueling plaasvind nie.

INSTAPPIES

Instappies word vir elke kwartaal gereël. Ouers sal vooraf in kennis gestel word en skriftelike vrywaring en toestemming van u verkry word waar nodig. Instappie fooie is addisioneel en sal vooraf met ouers gekommunikeer word.

PROBLEME, UITDAGINGS EN VOORSTELLE

Ouers is hartlik welkom om enige probleem, uitdagings en voorstelle met ons te kom bespreek. 'n Persoonlike onderhoud kan vooraf gereël word om te verseker dat ons ongestoord kan gesels. Die personeel van Kleine Engeltjies is toegewyd en wil graag verseker dat alle ouers en kleuters gelukkig sal wees met en by die skool.

OPROEPE

Skakel ons gerus enige tyd vanf 07h00 tot 17h30. Ons sal help waar ons kan. Onderwyseresse kan ongelukkig nie oproepe ontvang tussen 08h00 en 11h00 nie. In hierdie tyd is hulle besig met die formele onderrigprogram. U kan wel die kantoor skakel om 'n boodskap te laat. In geval van nood kan die personeellid wel geskakel word.

VORDERINGSVERSLAE

U ontvang **vorderingsverslae** in Junie en Desember. U is hartlik welkom om enige probleme met ons te kom bespreek. 'n Persoonlike onderhoud kan vooraf gereël word om te verseker dat ons ongestoord kan gesels.

OUERBETROKKENHEID

Ons bewerkstellig ouerbetrokkenheid d.m.v.:

- 'n Verkose ouerkomitee wat ouers se stem en belange verteenwoordig.
- Algemene ouervergaderings wat gedurende die jaar plaasvind.
- Oueraande waartydens die kleuters se vorderingsverslae oorhandig word en die kleuter se vordering, uitdagings ens bespreek kan word.
- Funksies en feesdae.
- Liefiedae soos Moedersdag, Vadersdag, Oupa en Ouma dae wanneer u die geleentheid het om saam met u kleuter in sy leefwêreld te deel.

Ons verwelkom insette en terugvoer van ouers. U is enige tyd welkom om te kom gesels. **KURRIKULUM EN BUITE KURRIKULÊRE AKTIWITEITE**

Die volgende aktiwiteite word by die skool aangebied:

- Die skool volg 'n CAPS en NELDS gebasseerde kurrikulum
- Die kurrikulum maak voorsiening vir musiek, kuns, fantasiespel, beweging met musiek, groot en fyn motoriese aktiwiteite.
- STEAM: (**S**cience, **T**echnology, **E**nginering, **A**rts, **M**aths) vorm deel van ons kurrikulum.
- **Ouers kan ook kies uit verskeie ander aktiwiteite wat nie by die skoolgelde ingesluit is nie. Demonstrasies hiervoor vind in Januarie plaas .**
- Ons verwelkom insette en terugvoer van ouers. U is enige tyd welkom om te kom gesels.

KALENDER
'n Kalender met al die belangrike datums, temas van die week, instappies, funksies asook buite kurrikulêre aktiwiteite wat aangebied word, sal halfjaarliks aan u deurgegee word.
OMSENDBRIEWE
Omsendbriewe met nodige inligting sal van tyd tot tyd in die kleuters se possakke huis-toe gestuur word. Kleuters leer hierdeur verantwoordelikheid en die belangrikheid van skakeling tussen ouers en die skool.
FONDSINSAMELINGSPROJEKTE
Ondersteun asb. ons fondsinsamelingsprojekte wat deur die loop van die jaar sal plaasvind. Nodige inligting sal elke keer vroegtydig deurgegee word.
VERLOF
Die kleuterskool sal gesluit wees op alle publieke vakansiedae asook tussen Kersfees en Nuwejaar.
SEKURITEIT EN TOEGANGSBEHEER
Die hekke word oopgemaak deur afstandbeheer. Hierdie stelsel is aangebring vir die veiligheid van u kind sowel as die veiligheid van elke personeellid en persoon wat die perseel binnegaan of verlaat.

DANKIE DAT U ONS VERTROU MET DIE ONDERRIG EN VERSORGING VAN U KLEUTER.